



# Ons vier 50 jaar van Santa Gertrudis-uitnemendheid

Deur Yolanda Venter, rasbestuurder, Santa Gertrudis-beestelersgenootskap van Suid-Afrika

**W**at 'n besondere mylpaal vir die Santa Gertrudis-beestelersgenootskap van Suid-Afrika: 'n Hele 50 jaar se toewyding, harde werk en sukses! Sedert die genootskap amptelik in 1974 gestig is, kan met trots teruggekyk word op die geskiedenis, en hoe hierdie ras hom in 'n baie mededingende bedryf gevestig het.

Die Santa Gertrudis-ras is in werklikheid met die hand geselekteer deur 'n klein groepie cowboys van Suid-Texas wat naby hul beeste gewoon het en net die beste beeste met hul geofende oog uitgesoek het. Die vraag na meer vleis van beter gehalte het skerp toegeneem en so is die geharde Indiese Brahman in 1910 met die Korthoring gekruis. Hierdie nageslag het verhoogde aanpasbaarheid en weerstand teen die uiterste klimaatstoestande getoon.

Uit hierdie kruising is die bul, Monkey, in 1919 gebore. Sy genetica het uit 37,5% (drie-agtstes) Brahman en 62,5% (vyf-agtstes) Korthoring bestaan. Hy was die grondslagvader van die hele Santa-ras en sover bekend, is dit die enigste ras waarvan die oorsprong teruggevoer kan word na een enkele grondslagvaar.

## Doelstellings van die genootskap

Die doelstellings van die genootskap is om die ras ten opsigte van genetiese verbetering te bevorder, en op 'n gereelde basis rasstandaarde te ondersoek en toe te sien

dat dit korrek geïmplementeer word vir diereverbetering. 'n Belangrike doel is om rasegte beeste te teel om teelmateriaal aan ander telers en kommersiële beesboere te voorsien. 'n Belangrike funksie van die genootskap se telers is om goeie genetica aan die kommersiële beesvleisbedryf te voorsien.

## Kenmerkende eienskappe

- Die Santa Gertrudis is 'n mediumraam-ras met goeie bespieroer en kapasiteit (lengte x breedte x diepte).
- Die kenmerkende kersierooi kleur staan uit en toon goeie vel- en haargehalte.
- Santa Gertrudis-koeie het 'n lae kalfmortaliteitsyfer en is bekend daarvoor dat hulle tot op 'n hoë ouderdom nog kalwers produseer.
- Voortreflike melkproduksie. Koeie het goeie uiers en spene, en produseer genoeg melk sodat kalwers gemaklik 50% en meer van hul moeders se liggaamsgewig speen.
- Goeie kalwingsgemak. Kalfies is klein by geboorte met 'n uitstekende naspeense groei.
- Hoogs vrugbaar.
- Uitstekende aanpasbaarheid by uiterste klimaats- en natuurtoestande.
- Voortreflike moedereienskappe. Santa-koeie is bekend vir hul vermoë om vir hulle kalwers te sorg.
- Bogemiddelde voerkraalprestasie onder intensiewe voedingsomstandighede.

- Uitstekende uitslagpersentasie en produseer hoë-gehalte vleis teen 'n lae insetkoste.

## Uitstekend vir kruisteling

Dit is vir die Suid-Afrikaanse beesvleisprodusent belangrik om volhoubaar en winsgewend te boer. By kruisteling word rasse gekies op grond van hul prestasie-eienskappe sodat kruisgeteelde nageslag met goeie basterkrag geproduseer word. Deur die gebruik van Santa Gertrudis-bulle in 'n kruisteelprogram, kan eienskappe met lae oorerflikheid, soos vrugbaarheid, aansienlik verbeter word. Dit is van uiterste belang dat koeie hoogs vrugbaar moet wees met goeie melkproduksie. Om met Santa-koeie te kruisteel kan jy die gewenste kombinasie vind om by jou toestande en produksiestelsel te pas. Die Santa Gertrudis beskik oor buitengewone kruisteelvermoëns en bied goeie basterkrag aan enige kudde se nageslag.

Een van die belangrikste aspekte in 'n kruisteelprogram is die aankoop van 'n bul – dit moet as 'n belegging beskou word. Dit is hoofsaaklik die bul wat die gehalte van jou toekomstige kudde sal bepaal. Die langtermyn effek van 'n goeie of swak bul is dus duidelik sigbaar in die toekomstige kudde.

Die Santa Gertrudis is die raskeuse vir al jou behoeftes en vir die regte redes. Hierdie is beslis 'n moeitevrye ras om mee te boer.

Vir meer inligting, kontak die kantoor by 051 444 2269, 082 853 8964 of epos [yolanda@santagertrudis.co.za](mailto:yolanda@santagertrudis.co.za).  
Besook ook die genootskap se webwerf by [www.santagertrudis.co.za](http://www.santagertrudis.co.za).